



## KENNISGEWING: VOORSIENING KETTINGBESTUUR

### UITNODIGING AAN ALLE VOORNEMENDE VERSKAFFERS VAN GOEDERE EN DIENSTE OM OP OVERSTRAND MUNISIPALITEIT SE DATABASIS VAN GEAKKREDITEERDE VERSKAFFERS TE REGISTREER

In nakoming van Overstrand Munisipaliteit se beleid insake voorsieningskanaalbestuur moet alle voornemende verskaffers van goedere en dienste aan Overstrand Munisipaliteit op sy databasis van geakkrediteerde diensverskaffers geregistreer wees. Om nadere besonderhede te bekom oor wettige vereistes en Overstrand Munisipaliteit se beleid insake voorsieningskanaalbestuur, besoek ons webwerf by [www.overstrand.gov.za](http://www.overstrand.gov.za).

Registrasievorms (in Engels) kan afgehaal word by die kantore van die eenheid vir voorsieningskanaalbestuur, Magnoliaaan 1, Hermanus, of by enige van die plaaslike owerheid se administrasie kantore in Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond. Nog 'n opsie sou wees om die aansoekvorm via ons webwerf af te laai: [www.overstrand.gov.za](http://www.overstrand.gov.za)

Diens/produksverskaffers se aansoeke moet op die voorgeskrewe vorms ingedien word en van die volgende dokumentasie vergesel wees:

- Bewys van registrasie as 'n maatskappy/ beslote korporasie
- Die munisipale rekening (e) nie ouer as 3 maande nie van die maatskappy en alle Direkteure / Aandeelhouers / Vennote
- Gewaarmerkte afskrifte van die ID's van alle lede/direkteure van die maatskappy of van die alleeneienaar
- Geldige belastingvoldoende status pin-nommer
- Bankbevestigingsbrief / gekanselleerde tjek van die eienaar / maatskappy of 'n afskrif daarvan as die kredietorderinstruksie op die vorm nie deur die bank gestempel word nie
- Bewys van BTW-registrasie, waar van toepassing
- Sekerheid van aanvaarbaarheid vir spysenieringsdienste
- Bewys van registrasie by die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (CIDB), waar van toepassing
- Akkrediteringsertifikaat indien handeldrywende in IT-toerusting
- 'n **Oorspronklike gesertifiseerde** en geldige Bree Gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BSEB) sertifikaat. Vrygestelde Mikro Ondernemings (EME's) en Kwalifisevande Klein Ondernemings (QSE's) mag 'n **geldige oorspronklike gesertifiseerde** beëdigde verklaring indien volgens hul sekor kodes.

Daar word van alle verskaffers wat reeds geakkrediteer is, verlang om alle inligting op datum te hou en om 'n opgedateerde oorspronklike, geldige belastingvoldoende status Pin-nommer in te dien ná verstryking van die huidige belastingvoldoende status Pin-nommer ten einde hul geverifieerde status op Overstrand Munisipaliteit se databasis van geakkrediteerde verskaffers te behou. **Let ook asseblief daarop dat daar van jou as geakkrediteerde verskaffer verwag word om die eenheid vir voorsieningskanaalbestuur te verwittig van enige veranderinge aan jou onderneming se besonderhede, met inbegrip van bankbesonderhede, adres, verklaring van belange, ens.**

***Alle verskaffers word aangemoedig om te registreer op die National Treasury Central Supplier Database (CSD), aangesien daar nie integrasie tussen die twee databasisse is nie.***

Enige navra rakende registrasie op Munisipaliteit Overstrand se databasis van geakkrediteerde verskaffers kan gerig word aan die **Databasis Administrateur: Me. Zimasa Mayekiso**, by tel. **028 313 8152**.

Aansoeke moet gerig word aan:

Overstrand Munisipaliteit

Vir aandag: Me. Z. Mayekiso

Eenheid vir Voorsieningskanaalbestuur

Posbus 20

Hermanus

7200

Magnoliaaan 1

Hermanus

7200

**C LE ROUX**

**ADJUNK-DIREKTEUR: FINANSIES & VOORSIENINGSKANAALBESTUUR**